
NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Familie met 'n missie

# RIGLYNE RONDOM COVID-19



## NOOD AANKONDIGING RAKENDE DIE CORONA-VIRUS

President Cyril Ramaphosa het Sondag, 15 Maart die land onder rampbestuur geplaas met 'n totale verbod op alle massabyeenkomste. As geloofsgemeenskap van NG Eldoraigne Familiekerk het ons 'n spesiale roeping om ons medemens te versorg en die gemeenskap te ondersteun in hierdie tyd. Kom ons maak van die probleem 'n geleentheid om hoop te bring en werklik 'n verskil te maak!

Navorsing toon dat sosiale distansiëring tans die beste voorsorgmaatreël vir die verspreiding van die Corona-virus is. Neem asseblief kennis van die volgende voorlopige reëlings wat Eldoraigne Familiekerk tref in hierdie tyd:

**Die oggend- en aanderedienste asook adoramus is tydelik gestaak tot verdere kennisgewing.**

**Alle byeenkomste by die kerk is tydelik gestaak tot verdere kennisgewing.**

In plek van eredienste en byeenkomste, gaan die volgende gebeur:

**Preke gaan opgeneem word en op YouTube geplaas word.**
Meer inligting sal volg.

**Bybelstudiegidse sal weekliks aangestuur word.**

**Preek opnames kan Vrydae 09:00 - 12:00 by kerkkantoor afgehaal word.**
Bring eie geheuestokkie.

**Offergawes is aanvaar tydens kleingroepe en d.m.v. EFT.**
'n Groot deel van ons inkomste lê in offergawes. Ondersteun ons asseblief.

**Kleingroep bedieninge sal sinvol aangevul word.**
Skakel Willem vir meer inligting: 082 441 9651

**Pastorale versorging is beskikbaar op versoek van lidmate.**

## RIGLYNE RONDOM DIE CORONA-VIRUS

1. Die virus word oorgedra deur middel van fisiese aanraking as ook hoes en nies.
2. Was U hande gereeld met water en seep vir ten minste 20 sekondes.
3. Alle ouderdomme kan aangesteek word, maar mense ouer as 60 met vorige mediese kondisies is meer vatbaar vir hierdie virus.
4. Persone met 'n lae imuunsisteem loop ook die gevaar om makliker aan te steek.
5. Vermy aanraking met ander mense en beoefen sosiale distansiëring.

In tye van onsekerheid en verhoogte spanningsvlakke, beweeg ons nader aan ons Skepper. Dink terug aan **Matteus 7:24** waar Jesus die storie van twee huise vertel. Jesus sê vir ons dat storms en moeilikheid vir alle mense gaan tref, selfs Sy kinders. Die verskil is dit: Sy kinders se lewenshuise is op die rots gebou. Die storms gaan ons tref maar ons huise sal bly staan. Ons sal dalk stukkende vensters hê maar die fondasie sal bly staan.

Wat is hierdie fondasie? Dit is Jesus wat mens geword het en uit die dood uit opgestaan het. Dit gee hoop vir ons elkeen. Vertrou op Jesus selfs al lyk dit donker en voel ons magteloos.

Henriweg 1045
Eldoraigne, 0157

Vrydae
09:00 - 12:00

012 654 5229

www.eldofam.co.za

bedien@eldofam.co.za

081 332 8454